# ’N VOORBEELD VAN ’N STRATEGIESE PLAN VIR DIE BEDIENING

## 1. INLEIDING

Daar word talle studies gedoen oor die uitdagings, krisisse en tendense wat die werklikheid van kerk en wêreld uitmaak. Indien die kerk haar bediening sinvol en volhoubaar wil uitvoer in die wêreld, is dit nodig dat sy rekening sal hou met haar konteks.

Om die konteks te eksegetiseer is egter nie bloot ’n strategiese handeling nie, maar is ten diepste ’n teologiese beginsel. As gemeentes in die teformatoriese tradisie is voortdurende nadenke oor kerkwees, gemeentewees en bediening ’n opdrag. Hierdie opdrag volg die beginsel van *ecclesia semper reformanda*. Om voortdurend te hervorm, gaan daaroor dat die kerk telkens weer terugkeer na die wese van kerkwees: Om die liggaam van Christus, die gemeenskap van die Heilige Gees en die volk van God die Vader te wees. Voortdurende hervorming gaan daaroor dat die kerk vra: Waarmee is ons besig? Wat is die wesenlike werk waarmee die kerk besig moet wees? *Ecclesia semper reformanda* besef ook dat die voortbestaan van die kerk nie van mense afhang nie. Die uitdaging is eerder vir die kerk om kerk te *bly*, om voortdurend te *word* wat ons *is*. Voortdurende kerkhervorming vind altyd aan die hand van die Woord van God en teologiese nadenke plaas en gaan nie oor verandering vir verandering se onthalwe nie.

Die doel van hierdie dokument is derhalwe om aan die eise van *ecclesia semper reformanda* gehoor te gee. Hierdie dokument wil uiteindelik vra: Waarmee is die ring besig? Die wyse waarop hierdie vraag beantwoord word, is deur demografiese inligting van die omgewings waarin die ring geleë is, te interpreteer, om strategiese beplanning te doen vir volhoubare bediening en ’n bedieningsplan voor te stel waarvolgens die ring, wat deel uitmaak van die groter Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, hul bediening kan laat grondvat in hul onmiddellike gemeenskappe. Hoewel daar in hierdie verband van die omstandighede binne die ring in die algemeen gepraat word, is dit belangrik om in gedagte te hou dat elke gemeente unieke omstandighede en uitdagings, ’n unieke geskiedenis, identiteit en subkultuur het.

## 2. ’N VOËLVLUG

### 2.1 GESKIEDENIS EN ONTWIKKELING

* Meld kortliks watter gemeente in u ring die oudste is, of daar gemeentes is wat saamgesmelt of ontbind het, ensovoorts.

Die gemeentes in die ring sien tans soos volg daaruit:

| GEMEENTES | STIGTINGSDATUMS |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

## 2.2 STATISTIEKE

Die lidmaattalle van die ring sien statisties soos volg daaruit (Almanak 2026):

| Aantal lidmate | Aantal belydende lidmate | Bewys van lidmaatskap: Oorgekom | Bewys van lidmaatskap: Vertrek | Aantal diensdoende predikante | Aantal lidmate per predikant |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |

Toon die statistieke ’n afwaartse of opwaartse tendens in lidmaattalle?

## 2.3 FUNKSIONERING VAN DIE RING

Die ring funksioneer relatief effektief:

* Watter gereelde byeenkomste vind in die ring plaas? Hierdie gereelde byeenkomste verseker kontak tussen kollegas en bied geleentheid om op hoogte te bly van sake in gemeentes en sake vanaf die ringskommissie se kant af.

* By watter projekte is die ringskomitee vir diakonaat betrokke?

* Sien die ringskommissie toe dat daar een maal per jaar visitasie by elke gemeente geoden word deur die konsulent van die gemeente en kerkraadslede?

* Bied die ringskomitee vir presbiteraat elke jaar ’n kerkraadstoerustingsgeleentheid aan?

* Vind daar gereeld ringsjeugkampe plaas waarby alle gemeentes se kinders betrek word?

## 2.4 HUIDIGE DEMOGRAFIE

### 2.4.1 STATISTIEK

Meld die demografiese inligting (Wazimaps):

| | |
|---|---|
| **Bevolkingsyfer** | |
| **Bevolking per geslag** | |
| **Bevolking per ouderdom** | |
| **Aantal huishoudings** | |
| **Grootte van huishoudings** | |
| **Hoof van huishoudings** | |
| **Behuising** | |
| **Taal** | |
| **Hoogste opvoedingsvlak** | |
| **Opvoedingsveld** | |

### 2.4.2 DEMOGRAFIESE TENDENSE

Met bovermelde in gedagte, wat is u konklusie insake die volgende binne u ringsgebied:

* Sosio-ekonomiese werklikhede.
* Kerkwees in die ring.
* Bevolkingsamestelling en beweging.
* Aftreegemeenskap.
* Landbougemeenskap, indien van toepassing.
* Pendelaars en nuwe ontwikkeling.
* Armoede en maatskaplike druk.
* Verslawingsvraagstukke binne die gemeenskappe.
* Streeksverbintenisse.

## 2.5 UITDAGINGS EN VERANDERINGE IN DIE RING

Watter uitdagings en veranderende omstandighede binne die ring kan gemeld word?

## 2.6 GELEENTHEDE BINNE DIE RING

Watter geleenthede bied bovermelde uitdagings vir die ring?

Die volgende vraelys is deur ’n ring opgestel om ‘n behoeftebepaling onder ringsgemeentes te doen na aanleiding van die gevolge van die COVID-pandemie. Dit het interessante resultate gelewer en was verteenwoordigend van groter tendense wat ook in die breër kerk regoor die wêreld gesien word:

*Beste lidmaat, die gemeentes in ons ring is besig met ’n behoeftebepaling om vas te stel watter verwagtinge lidmate van predikante, kerkrade en gemeentes het. Die opname is deel van ’n groter gesprek oor sinvolle kerkwees en gemeentewees wat tans ook in die breër Kerk gevoer word. Voltooi asseblief die vraelys sodat ons bediening effektief ingerig kan word.*

1. *Waarmee moet ons gemeente aanhou (wat doen ons goed)?*

2. *Waarmee moet ons gemeente ophou (wat werk nie goed nie)?*

3. *Wat moet ons gemeente anders doen (waar is ruimte vir verbetering)?*

4. *Wat is jou verwagtinge van die predikant en kerkraad in die volgende gevalle:*

    * *Siekte?*
    * *Krisis?*
    * *Dood?*
    * *Voorspoed/geluk?*

5. *Wat dink jy is die gemeente se verwagtinge van jou as lidmaat?*

6. *Enige ander opmerkings?*

*Baie dankie vir jou tyd en deelname!*

## BEDIENINGSPLAN VOLGENS DIE VIER GELOOFSHANDELINGE VAN DIE NHKA

### 1. VIERING, EREDIENS EN LITURGIE

Die eredienste van die onderskeie gemeentes in die ring vorm die hartklop van gemeentelike bediening. Dit word verseker deur

* te fokus op die kreatiewe inrigting van die liturgie wat getrou bly aan die reformatoriese tradisie, identiteit en etos, maar tog sinvol en aktueel ingeklee word.
* die bediening van die sakramente, veral die Nagmaal, sover moontlik in die ring te gesinchroniseer ("Nagmaalnaweke").
* te fokus op deurleefde kerkmusiek en die gebruik van ‘n verskeidenheid liedere (Liedboek en VONKK-liedere) in die eredienste.

### 2. VERKONDIGING, ONDERRIG EN GETUIENIS

Getuienis is die sigbare en hoorbare uitdrukking van geloof in woord én daad. Dit is waar die evangelie nie slegs verkondig word nie, maar ook geleef word binne die gemeenskap.

### 2.1 EKUMENIESE SAMEWERKING

* Die ring neem aktief deel aan ekumeniese samewerking binne die gemeenskap.
* Daar vind gereeld gesamentlike aanbidding plaas waar gelowiges oor denominasiegrense heen saamkom rondom die Woord.
* Hierdie samewerking strek verder as simboliese eenheid en word veral sigbaar wanneer gemeentes gesamentlik reageer op noodsituasies of gemeenskapsuitdagings.

### 2.2 BYBELVERSPREIDING

* Die ring is aktief betrokke by die verspreiding van Bybels in verskeie tale. Hierdie betrokkenheid fokus op die plaaslike gemeenskap sowel as op omliggende landelike gebiede waar toegang tot Bybels soms beperk is.
* Die verspreiding van Bybels word deur die ring verstaan as ’n kernaspek van getuienis, aangesien die Woord self die middel is waardeur geloof gewek en versterk word.

### 2.3 MAATSKAPLIKE BETROKKENHEID AS GETUIENIS

* Getuienis neem ook ’n tasbare vorm aan deur maatskaplike betrokkenheid. Die ring handhaaf ’n sigbare teenwoordigheid te midde van sosiale uitdagings en beskou diakonaat en bejaardesorg as ’n wesenlike deel van sy evangeliese roeping.

* Diensbaarheid word nie gesien as 'n bykomende aktiwiteit nie, maar as 'n geloofsgetuienis wat wys dat die liefde van Christus konkreet gestalte kry in die versorging van kwesbares en die ondersteuning van gemeenskapsinisiatiewe.

## 2.4 GETUIENIS DEUR DIE WOORD – BYBELSKOOL EN BYBELSTUDIE

### 2.4.1 BYBELSKOOL-GELEENTHEDE

* Die predikante bied gereelde Bybelskool-geleenthede aan wat daarop gemik is om lidmate se Skrifkennis te verdiep en 'n reformatoriese verstaan van die Woord te ontwikkel.

* Hierdie inisiatief bevorder teologiese verdieping, rus lidmate toe om verantwoordelik oor hul geloof te kan praat, en skep 'n leeromgewing waar vrae eerlik en Skrifgetrou hanteer word. Só word lidmate toegerus om nie net kennis te absorbeer nie, maar dit ook prakties in hulle daaglikse lewe toe te pas.

### 2.4.2 GETROUE BYBELSTUDIEGELEENTHEDE IN GEMEENTES

* Binne die ring is daar 'n gevestigde kultuur van gereelde Bybelstudie wat in verskeie gemeentes plaasvind.

* Wyk- en groepsbybelstudies, tematiese studiegeleenthede en toerusting rondom leerstellige en etiese vraagstukke vorm 'n kern van hierdie bediening.

### 2.4.3 VERANTWOORDELIKE REFORMATORIESE PREDIKING

* 'n Hoë standaard van prediking word gehandhaaf, waar predikante elke Sondag op die kansel preek en die Woord ten volle verkondig.

* Die prediking is nie beperk tot die eredienste nie; dit vind ook op ander platforms en geleenthede binne die ring plaas, met dieselfde Skrifgetroue en reformatoriese toewyding.

## 2.5 JEUGBEDIENING AS GETUIENIS

* Die ring beskou jeugbediening as 'n strategiese en geestelike prioriteit:

  ** Dit strek verder as bloot aktiwiteite en fokus op die vorming van jong gelowiges in hul geloof. Verskeie jeugaksies binne die ring bied studente en tieners die geleentheid om in hulle geloof te groei en aktief deel te wees van die gemeente.
  ** Die jeug word ook betrek by skole en skoolaktiwiteite soos skoolopeninge en godsdiensperiodes, en neem deel aan gemeente-oorskrydende aksies wat samehorigheid en betrokkenheid versterk.

### 2.5.1 EKUMENIESE BETROKKENHEID ONDER HERVORMDE GEMEENTES

* Ekumeniese betrokkenheid vorm 'n belangrike aspek van jeugbediening. Jeugbediening word nie net beperk tot jong lidmate van die Hervormde Kerk nie, maar bereik jongmense van die hele gemeenskap.

* Gesamentlike jeugbyeenkomste, samewerking in kampe en opleidingsgeleenthede versterk die eenheid binne die kerkverband en laat jong gelowiges ervaar dat hulle deel is van ’n groter, samewerkende gemeenskap van geloof.

* Hierdie interaksies leer hulle om geloof nie in isolasie te beleef nie, maar saam met ander te deel en uit te leef.

2.5.2 JAARLIKSE RINGSJEUGKAMP

* ’n Sleutelgeleentheid in die ring se jeugbediening is die jaarlikse ringsjeugkamp. Hier kom al die jeug van die ring saam om geestelik te groei, te leer oor die Woord, en gemeenskapsbande te vorm.

* Die kamp fokus op Woordverkondiging, geestelike verdieping en die ontwikkeling van ’n identiteit as gelowiges wat deel is van die groter kerk en geloofsgemeenskap.

Jeugbediening is dus nie net ’n reeks aktiwiteite nie; dit is ’n diepgaande vormingsproses. Dit is die plek waar jong gelowiges leer om hul geloof nie net te erf nie, maar dit self te besit, te verstaan en te praktiseer, sodat hulle ’n lewende getuienis van Christus in hulle lewens kan wees.

3. **GEMEENSKAP VAN DIE GELOWIGES**

Die Woord leer ons dat gelowiges in Christus één is, en roep ons daarom op om mekaar lief te hê en vir mekaar te sorg. Op ringsvlak word hierdie onderlinge sorg en liefde sigbaar in die verskeie bedieninge in die ring.

Talle van hierdie bedieninge word ook genoem onder getuienis en diensbaarheid. Van die bedieninge in die ring wat lei tot die opbou van die geloofsgemeenskap op ringsvlak, sluit die volgende in:

* Jeugbediening – jaarlikse ringsjeugkamp.

* Kerkraadtoerusting op ringsvlak.

* Betrokkenheid by die DPS-huis. Verteenwoordigers van elke gemeente in die ring dien op die toesigkomitee van die DPS-huis.

* Doulos-armoedebedieningsprojek: Skenkings van klere en nie-bederfbare kositems bou onderlinge omgee en uitreik na mense in nood.

* ’n gesamentlike Hervormingsondageorediens is gehou. Daar kan ondersoek ingestel word na die moontlikheid van meer gesamentlike eredienste.

* Daar is inisiatief om ’n huweliksverrykingskursus in die ring aan te bied.

4. **DIENSBAARHEID**

Diensbaarheid is nie bloot ’n program binne die kerk nie; dit is ’n roeping. Die ring beskou diensbaarheid as ’n sigbare vrug van geloof, wat nie net in woord verkondig word nie, maar in dade geleef word.

Lidmate word aangemoedig om aktief deel te wees van die gemeenskap en praktiese liefde vir medemens te toon, waardeur die evangelie in sigbare vorm sigbaar word.

## 4.1 DIAKONALE BETROKKENHEID

Die ring het ’n langdurige betrokkenheid by verskeie diakonale projekte, soos by DPS Kindersorg. Hier word kinders in kwesbare omstandighede oor jare heen ondersteun, met praktiese en finansiële hulp wat hoop en stabiliteit bied.

Verder is daar die Doulos-projek, ’n klerewinkel waar nie-bederfbare produkte ingesamel en teen minimale koste beskikbaar gestel word. Hierdie benadering fokus op waardigheid en bied hulp op ’n manier wat respek en selfvertroue versterk. Hierdie diakonale betrokkenheid vorm ’n kern van die ring se getuienis deur diensbaarheid, waar die liefde van Christus direk in die gemeenskap sigbaar is.

## 4.2 GEMEENSKAPSINISIATIEWE

Die ring neem aktief deel aan gemeenskapsinisiatiewe wat dien as praktiese uitdrukking van geloof.

Bied u ring gesondheidsdae aan wat dienste aan mense bied wat dit nie andersins sou kon bekostig nie?

Bejaardesorg is ’n ander sentrale fokus van die ring. Gemeentes sowel as projekte van die dienssentrum vir bejaardes ontvang gereelde ondersteuning en betrokkenheid. Hierdie betrokkenheid beklemtoon die pastorale roeping van die kerk om te sorg vir ’n groeiende behoefte in die gemeenskap.

Vir die toekoms fokus die ring daarop om samewerking tussen gemeentes te versterk deur hulpbronne te deel, jonger lidmate by diakonale projekte te betrek, en volhoubare modelle van gemeenskapsdiens te ontwikkel. Só word diensbaarheid nie net ’n eenmalige daad nie, maar ’n geïntegreerde en lewende deel van die ring se gemeenskapsgetuienis.

## 5. SAMEVATTING

Hierdie dokument het ten doel gehad om die agtergrond, konteks en huidige tendense in die ring te beskryf, analiseer en evalueer. Die bedieningsplan stip die huidige bedieninge binne die ring uit en maak voorstelle vir uitbreiding en geleentheid tot verdere ontwikkeling.

Die ring, die ringskommissie, ringspredikante en gemeentes in die ring werk hard binne hul onderskeie werkruimtes omdat ons besef dat ons ’n roeping het om die evangelie van Jesus Christus te verkondig in die ruimtes en omstandighede waarin ons onsself bevind.

Daar is kommerwekkende uitdagings by van die gemeentes in die ring, maar die ringskommissie ag dit belangrik om deurlopend in gesprek te wees met gemeentes en ondersteunend betrokke te wees om gemeentes en kerkrade na die beste van hul vermoë te begelei op die pad na sinvolle en volhoubare kerkwees.